
## Begripstoets

# Koek eet in die nag.

My ma slaap en my pa slaap.

Die kat slaap en die hond slaap...

Net ek slaap nie!



My maag is leeg!  Ek soek kos!

Ek tip - tip in die gang af.

Ek weet daar is koek in die kas.

Ek weet ek mag dit nie eet nie,


maar ma sal mos nie weet nie!

Sy slaap mos!  Ek sit 'n stoel

teen die kas en klim op.

Boef! Val die stoel om.

Doef! Val ek op die vloer.



Ma kom kyk wat gaan aan.

" En die stoel, Susan?  En die

koek om jou mond "

" Ek weet nie, Ma! " sê ek

" Dalk loop ek in my slaap. "

1. Wat doen almal? ______________________________

2. Wat is fout met my maag? ____________________ en

______________________________________________

3. Waar is die koek? ______________________________

4. Wat sal ma nie weet nie? _______________________

______________________________________________

5. Van waar af het ek geval? _______________________

6. Waarop het ek geval? ___________________________

7. Wat sê Susan doen sy dalk? ______________________

______________________________________________

